(*h*) Student nurses shall not be required to be on night duty for a total period of more than 10½ months during their course of training or more than three months in any period of twelve months.

(*i*) Student nurses shall be housed and fed to the satisfaction of the Council.

(*j*) Student nurses shall be medically examined, including X-ray of chest, upon admission to training and at least once per year thereafter.

(*k*) Hospitals shall permit student nurses to be transferred to nursing colleges and hospitals in the school of nursing for such periods in their course of training as may be determined by the Council from time to time.

(*l*) Not more than four student nurses shall be accepted for each registered medical and surgical nurse normally employed on the staff of the hospital.

(*m*) A member of the medical staff visits the hospital daily.

2. Notwithstanding the conditions and requirements set out in paragraph 1, the Council may, in its discretion, approve of a hospital forming part of a school of nursing if such hospital does not comply with one or more of the said conditions and requirements and if it proves to the satisfaction of the Council that it can in all other respects provide adequate facilities for the proper training of student nurses. Any such approval granted in terms of this paragraph may be granted for any limited term or period or upon such other conditions as the Council may determine.

3. The Council or a person duly deputed thereto by the Council shall have the right to inspect a hospital forming part of a school of nursing at any time and to call for such information as may be deemed necessary.

4. The Council shall have the right to withdraw its approval of a hospital as forming part of a school of nursing if after investigation it is found that it does not comply with the requirements prescribed by regulation, or for any reason does not conduct the training of students satisfactorily.

ANNEXURE C.

CONDITIONS FOR THE APPROVAL OF A HOSPITAL OR GROUP OF HOSPITALS AS A TRAINING SCHOOL FOR MEDICAL AND SURGICAL NURSES.

1. A training school shall consist of a hospital or group of hospitals in which male and female persons are treated and which, in the opinion of the Council, is competent through the quality and extent of the material and instruction given thereat to train candidates for admission to its register of nurses, and shall be subject to the approval of the Council.

2. Training schools shall be divided into two classes, described respectively as Class I and Class II; provided the Council shall not, after the promulgation of these regulations, approve of any further Class II training schools.

A training school which consists of a group of hospitals shall be approved of as a Class I training school subject to the proviso that the Council shall have the right to determine the portion of training which each student shall undergo at the various hospitals constituting the training school.

(*f*) Leerlingverpleegsters moet vir minstens 40 uur per week diens doen; met dien verstande dat 'n leerlingverpleegster nie langer as agt uur diens op enige dag mag doen nie.

(*g*) Leerlingverpleegsters moet een dag per week vry af gegee word wanneer hulle dagdiens doen en een nag per week vry af wanneer hulle nagdiens doen en daarbenewens dertig opeenvolgende dae vakansieverlof per jaar en vyftien opeenvolgende dae vakansieverlof gedurende die laaste ses maande van hulle opleidingstydperk toegestaan word. (Sien regulasie 5 vir siekteverlof.)

(*h*) Leerlingverpleegsters moet in die totaal nie langer as 10½ maande gedurende hul opleidingstydperk en nie langer as drie maande gedurende enige tydperk van 12 maande nagdiens doen nie.

(i) Leerlingverpleegsters moet behuis en gevoed word tot tevredenheid van die Raad.

(*j*) Leerlingverpleegsters moet by toelating en daarna minstens een keer per jaar geneeskundig ondersoek word, insluitende 'n X-straalondersoek van die bors.

(*k*) Hospitale moet die oorplasing van leerlingverpleegsters na verplegingskolleges en hospitale in die verpleegskool vir sulke tydperke as wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal gedurende hul opleidingstydperk, toelaat.

(*l*) Nie meer as vier leerlingverpleegsters vir elke geregistreerde geneeskundige en chirurgiese verpleegster wat gewoonlik in die personeel van die hospitaal in diens is, mag aangeneem word nie.

(*m*) 'n Lid van die geneeskundige personeel moet die hospitaal daagliks besoek.

2. Nieteenstaande die voorwaardes en vereistes wat in paragraaf 1 vervat is, kan die Raad na sy goeddunke, 'n hospitaal as 'n onderdeel van 'n verpleegskool goedkeur as sodanige hospitaal nie aan een of meer van die genoemde voorwaardes en vereistes voldoen nie, en as dit tot tevredenheid van die Raad bewys lewer dat dit in alle ander opsigte voldoende fasiliteite vir die behoorlike opleiding van leerlingverpleegsters kan verskaf. Sodanige goedkeuring, ooreenkomstig hierdie paragraaf verleen, kan vir enige beperkte termyn of tydperk of op sodanige ander voorwaardes as wat die Raad mag bepaal, verleen word.

3. Die Raad of 'n persoon wat behoorlik opdrag van die Raad daartoe het, het die reg om 'n hospitaal wat 'n onderdeel van 'n verpleegskool uitmaak te eniger tyd te inspekteer en om om sodanige inligting as wat nodig geag mag word, te vra.

4. Die Raad het die reg om goedkeuring van 'n hospitaal wat 'n onderdeel van 'n verpleegskool uitmaak, in te trek as dit na ondersoek blyk dat dit nie aan die vereistes wat by regulasie voorgeskryf is, voldoen nie of as dit om enige rede nie die opleiding van leerlingverpleegsters bevredigend uitvoer nie.

BYLAE C.

VEREISTES VIR DIE GOEDKEURING VAN 'N HOSPITAAL OF GROEP HOSPITALE AS 'N OPLEIDINGSKOOL VIR GENEESKUNDIGE EN CHIRURGIESE VERPLEEGSTERS.

1. 'n Opleidingskool bestaan uit 'n hospitaal of groep hospitale waarin manlike en vroulike persone behandel word en wat, volgens die Raad se oordeel, weens die gehalte en omvang van die materiaal en opleiding aldaar verskaf, geskik is om kandidate op te lei vir toelating tot die Raad se register van verpleegsters en moet deur die Raad goedgekeur word.

2. Opleidingskole word verdeel in twee klasse, onderskeidelik omskryf as Klas I en Klas II; met dien verstande dat die Raad geen verdere Klas II-opleidingskole goedkeur na afkondiging van hierdie regulasies nie.

'n Opleidingskool wat uit 'n groep hospitale bestaan, word goedgekeur as 'n Klas I-opleidingskool met die voorbehoud dat die Raad die reg het om te bepaal watter deel van die opleiding elke leerling moet ontvang aan die verskeie hospitale wat onderdele van die Opleidingskool uitmaak.

3. No hospital or group of hospitals shall be approved of as a training school unless—

(*a*) proof is furnished to the satisfaction of the Council that in the hospital(s) in the training school—

(i) a sufficient number and variety of medical and surgical cases (male, female and children) are available to furnish material for the adequate training of student nurses;

(ii) facilities are available for the adequate training of students in all the subjects prescribed in the syllabus;

(*b*) all members of the nursing staff who take part in the training of student nurses are registered medical and surgical nurses;

(*c*) if the institution has a board of management, at least one medical practitioner is a member of the board;

(*d*) student nurses are required to be on duty for not less than 40 hours per week; provided that a student nurse is not required to be on duty for more than 8 hours in any one day;

(*e*) student nurses are allowed one day off-duty per week when on day duty and one night off-duty per week when on night duty and, in addition thereto, thirty consecutive days vacation leave of absence per year and fifteen consecutive days vacation leave of absence during the last six months of their period of training. (For sick leave refer to regulation 5.)

(*f*) student nurses are not required to be on night duty for more than a total period of $10\frac{1}{2}$ months in the case of a student nurse undergoing her training at a Class I training school and $13\frac{1}{2}$ months in the case of a student nurse undergoing her training at a Class II training school; provided that student nurses shall not be required to be on night duty for more than three months in any period of twelve months;

(*g*) student nurses are housed and fed to the satisfaction of the Council;

(*h*) student nurses are medically examined, including x-ray of chest, upon admission to training and at least once per year thereafter;

(*i*) the course of lectures and demonstrations are so arranged that student nurses may present themselves for the final examination when they have completed three years' training in a Class I training school and four years' training in an existing Class II training school;

(*j*) a member of the medical staff visits the hospital daily and, in the case of a group of hospitals, a member of the medical staff visits each such hospital daily.

4. Notwithstanding the conditions and requirements set out in paragraph 3, the Council may, in its discretion, approve of a hospital as a training school if such hospital does not comply with one or more of the said conditions and requirements and if the hospital makes application to the Council and proves to the satisfaction of the Council that it can in all other respects provide adequate facilities for the proper training of student nurses. Any such approval granted in terms of this paragraph may be granted for any limited term or period upon such other or additional conditions as the Council may determine.

5. The Council or a person deputed thereto by the Council shall have the right to inspect a training school at any time and to call for such information as may be deemed necessary.

6. The Council shall have the right to withdraw its approval of an institution as a training school if after investigation it is found that it does not comply with the requirements prescribed above, or for any reason does not conduct the training of student nurses satisfactorily.

3. Geen hospitaal of groep hospitale word goedgekeur as 'n opleidingskool nie, tensy—

(*a*) bewys gelewer word tot tevredenheid van die Raad dat in die hospitaal of hospitale in die opleidingskool—

(i) 'n genoegsame aantal en verskeidenheid geneeskundige en chirurgiese gevalle (manlik, vroulik en kinders) beskikbaar is om materiaal vir die behoorlike opleiding van leerlingverpleegsters te verskaf; en

(ii) fasiliteite beskikbaar is vir die behoorlike opleiding van leerlinge in al die vakke wat in die leerplan voorgesryf is;

(*b*) alle lede van die verplegingspersoneel wat aan die opleiding van leerlingverpleegsters deelneem, geregistreerde geneeskundige en chirurgiese verpleegsters is;

(*c*) as die inrigting 'n bestuursraad het, minstens een mediese praktisyn 'n lid van die raad is;

(*d*) van leerlingverpleegsters vereis word om vir minstens 40 uur per week diens te doen; met dien verstande dat 'n leerlingverpleegster nie langer as 8 uur diens op enige dag mag doen nie;

(*e*) leerlingverpleegsters een dag per week vry af gegee word wanneer hulle dagdiens doen en een nag per week vry af wanneer hulle nagdiens doen en daarbenewens dertig opeenvolgende dae vakansieverlof per jaar en vyftien opeenvolgende dae vakansieverlof gedurende die laaste ses maande van hul opleidingstydperk, toegestaan word;
(Sien Regulasie 5 vir siekteverlof.)

(*f*) 'n leerlingverpleegster wat haar opleiding aan 'n Klas I-opleidingskool ontvang en 'n leerlingverpleegster wat haar opleiding aan 'n Klas II-opleidingskool ontvang, altesaam onderskeidelik hoogstens $10\frac{1}{2}$ maande en $13\frac{1}{2}$ maande en nie langer as drie maande gedurende enige tydperk van 12 maande nagdiens doen nie;

(*g*) leerlingverpleegsters behuis en gevoed word tot tevredenheid van die Raad;

(*h*) leerlingverpleegsters by toelating tot opleiding en daarna minstens een keer per jaar geneeskundig ondersoek word, insluitende 'n X-straalondersoek van die bors;

(*i*) die kursus voorlesings en demonstrasies so opgestel is dat leerlinge hulle vir die finale eksamen kan aanmeld na voltooiing van drie jaar opleiding aan 'n Klas I-opleidingskool en vier jaar opleiding aan 'n bestaande Klas II-opleidingskool;

(*j*) 'n lid van die geneeskundige personeel die hospitaal daagliks besoek en, in die geval van 'n groep hospitale, 'n lid van die geneeskundige personeel elkeen van sodanige hospitale daagliks besoek.

4. Nieteenstaande die voorwaardes en vereistes wat in paragraaf 3 vervat is, kan die Raad na sy goeddunke 'n hospitaal as 'n Opleidingskool goedkeur as sodanige hospitaal nie aan een of meer van genoemde voorwaardes en vereistes voldoen nie en as dit by die Raad aansoek doen en bewys tot tevredenheid van die Raad lewer dat dit in alle ander opsigte voldoende fasiliteite vir die behoorlike opleiding van leerlingverpleegsters kan verskaf. Sodanige goedkeuring ooreenkomstig hierdie paragraaf verleen, kan vir enige beperkte termyn of tydperk of op sodanige bykomstige voorwaardes as wat die Raad mag bepaal, verleen word.

5. Die Raad of 'n persoon wat opdrag daartoe van die Raad het, het die reg om 'n opleidingskool te eniger tyd te inspekteer en om om sodanige inligting as wat nodig geag mag word, te vra.

6. Die Raad het die reg om goedkeuring van 'n inrigting as 'n opleidingskool in te trek as dit na ondersoek blyk dat dit nie aan die vereistes soos hierbo voorgeskryf voldoen nie of as dit om enige rede nie die opleiding van leerlingverpleegsters bevredigend uitvoer nie.

✱ No. 3111.] [15 December 1950.

THE SOUTH AFRICAN NURSING COUNCIL.

REGULATIONS FOR THE TRAINING AND EXAMINATION OF MALE NURSES MADE UNDER SECTION *FOUR* OF THE NURSING ACT, No. 45 OF 1944.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (2) of section *four* of the Nursing Act, 1944 (Act No. 45 of 1944), as amended, has approved of the following regulations made by the South African Nursing Council under sub-section (1) of the said section of the said Act, in substitution for the regulations for the training and examination of male nurses, published under Government Notice No. 1089 of the 23rd May, 1946, as amended, except paragraph (*b*) of regulation 10 and paragraph (*b*) of regulation 11 which shall remain in force:—

1. INTERPRETATION.

In these regulations, unless the context otherwise indicates, "Act" means the Nursing Act, 1944 (Act No. 45 of 1944), and any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act bears, when used in these regulations, the same meaning.

2. SCHOOLS OF NURSING AND TRAINING SCHOOLS.

I. (*a*) No school of nursing shall be approved of by the Council unless—

(i) it consists of a nursing college approved by the Council and an affiliated hospital or group of hospitals which has been approved by the Council as forming part of the school of nursing; and

(ii) a person who is registered as a male nurse or as a medical and surgical nurse has been designated as the person in charge thereof or the matron or superintendent of each hospital which has been approved as forming part of the school of nursing has been designated as being responsible for all aspects of the training of student nurses attached to such hospital.

(*b*) No institution shall be approved of by the Council as a nursing college unless it conforms to the requirements specified in Annexure A hereto and no hospital or group of hospitals shall be approved of by the Council as forming part of a school of nursing unless it conforms to the requirements specified in Annexure B hereto.

II. (*a*) No training school shall be approved of by the Council unless it consists of one or more hospitals approved by the Council.

(*b*) No hospital or group of hospitals shall be approved of by the Council as a training school, unless it conforms to the requirements specified in Annexure C hereto.

3. REQUIREMENTS FOR ADMISSION TO TRAINING.

No person shall be admitted to a school of nursing or to a training school for training unless he submits to the person in charge of the relevant school of nursing or training school—

(*a*) a certificate of general education at least equal to a standard eight certificate of an education department in the Union;
(*b*) a certificate of good health.

[NOTE.—Attention is invited to prescribed requirements whereby (i) every student nurse must be registered with the Council within six weeks of the date of his commencement of training and (ii) no person may be registered as a nurse until he has attained the age of 21 years.]

4. PERIOD OF TRAINING.

I. (*a*) The period of training as a male nurse in a school of nursing shall be 3½ years.

✱ No. 3111.] [15 Desember 1950.

DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSRAAD.

REGULASIES VIR DIE OPLEIDING EN EKSAMINEER VAN VERPLEGERS, OPGESTEL KRAGTENS ARTIKEL *VIER* VAN DIE WET OP VERPLEEGSTERS, No. 45 VAN 1944.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) van artikel *vier* van die Wet op Verpleegsters, 1944 (Wet No. 45 van 1944), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die volgende regulasies wat deur die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad kragtens subartikel (1) van genoemde artikel van genoemde Wet opgestel is ter vervanging van die regulasies vir die opleiding en eksamineer van verplegers, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1089 van 23 Mei 1946, soos gewysig, met uitsondering van paragraaf (*b*) van regulasie 10 en paragraaf (*b*) van regulasie 11, wat van krag bly:—

1. WOORDBEPALING.

In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken „Wet" die Wet op Verpleegsters, 1944 (Wet No. 45 van 1944), en 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, het dieselfde betekenis wanneer dit in hierdie regulasies gebruik word.

2. VERPLEEGSKOLE EN OPLEIDINGSKOLE.

I. (*a*) Geen verpleegskool word deur die Raad goedgekeur nie, tensy—

(i) dit uit 'n deur die Raad goedgekeurde verplegingskollege en 'n geaffilieerde hospitaal of groep hospitale wat deur die Raad as 'n onderdeel van die verpleegskool goedgekeur is, bestaan; en
(ii) 'n persoon wat as 'n verpleger of as 'n geneeskundige en chirurgiese verpleegster geregistreer is as die persoon in die beheer daarvan benoem is of die matrone of superintendent van elke hospitaal wat as 'n onderdeel van die verpleegskool goedgekeur is, benoem is om verantwoordelik te wees vir alle aspekte van die opleiding van die leerlingverplegers wat aan so'n hospitaal verbonde is.

(*b*) Geen inrigting word deur die Raad as 'n verplegingskollege goedgekeur nie, tensy dit aan die vereistes wat in Bylae A hiervan gespesifiseer is, voldoen en geen hospitaal of groep hospitale word deur die Raad as 'n onderdeel van 'n verpleegskool goedgekeur nie, tensy dit aan die vereistes wat in Bylae B hiervan gespesifiseer is, voldoen.

II. (*a*) Geen opleidingskool word deur die Raad goedgekeur nie, tensy dit uit een of meer hospitale wat deur die Raad goedgekeur is, bestaan.

(*b*) Geen hospitaal of groep hospitale word deur die Raad as 'n opleidingskool goedgekeur nie, tensy dit aan die vereistes wat in Bylae C hiervan gespesifiseer is, voldoen.

3. VEREISTES VIR TOELATING TOT OPLEIDING.

Niemand word tot 'n verpleegskool of 'n opleidingskool vir opleiding toegelaat nie, tensy hy aan die persoon in die beheer van die betrokke verpleegskool of opleidingskool die volgende voorlê:—

(*a*) 'n Sertifikaat van skoolopleiding wat ten minste gelykstaan met 'n standerd agt-sertifikaat van 'n onderwysdepartement in die Unie; en
(*b*) 'n sertifikaat van goeie gesondheid.

[OPMERKING.—Die aandag word op die voorgeskrewe vereistes gevestig waarvolgens (i) elke leerlingverpleger by die Raad geregistreer moet word binne ses weke na die datum van aanvang van die opleiding en (ii) niemand as verpleger geregistreer kan word nie alvorens hy die ouderdom van 21 jaar bereik het.]

4. OPLEIDINGSTYDPERK.

I. (*a*) Die opleidingstydperk vir 'n verpleger aan 'n verpleegskool is 3½ jaar.

(*b*) Every student nurse who is undergoing his training in a school of nursing shall attend—

(i) a nursing college for not less than four months and for not more than six months during his first year of training and for not less than three months and for not more than four months in all during his second and third years of training provided that he shall attend a nursing college for at least one month during his second year of training; and

(ii) one or more approved hospital/s of the relevant school of nursing for at least two and a half years of the total period of training.

[NOTE.—The periods indicated in paragraphs (i) and (ii) of this regulation need not be continuous.]

II. The period of training as a male nurse in a training school shall be 3½ years.

III. In the event of a student nurse being transferred from a training school to a school of nursing and vice versa, the period of training undergone by him at the former training school or school of nursing, as the case may be, shall be recognised in full.

5. BREAKS IN TRAINING.

Training shall be continuous. Any period during which a student nurse has broken his training shall be made up so that he shall complete the full period of training as laid down by these regulations.

If the break exceeds a period of six months, he must in addition, unless the Council determines otherwise, undergo an extension of training equal to one-half of the period of such break.

No recognition of previous training shall be given to a student nurse who has more than one break in his training, unless the Council determines otherwise.

During his period of training a student nurse may be allowed sick leave not exceeding thirty days and he shall be required to make up any sick leave granted to him in excess thereof.

For the purpose of this regulation the expression "break in training" shall mean the termination of a student's service with his school of nursing or training school.

6. EXEMPTION FROM TRAINING.

A student nurse being a registered mental nurse or a registered nurse for mental defectives shall be exempted from the first year of the course of training as prescribed by these regulations and shall further be exempted from the preliminary examination and from attendance at the course of lectures and demonstrations required therefor.

7. LECTURES AND DEMONSTRATIONS.

Every student nurse shall attend a complete course of lectures and demonstrations covernig the subjects for the preliminary and final examinations for male nurses as prescribed by regulation. All lectures shall be given by persons approved of by the Council and demonstrations shall be given by registered nurses. Every student nurse shall attend at least 30 demonstrations in all in the wards and shall attend at least 10 of these demonstrations in the wards before he enters for the preliminary examination.

8. PRACTICAL TRAINING.

I. Every student nurse undergoing his training in a school of nursing shall, during the periods spent in the approved hospital or hospitals, receive instruction in and carry out all the nursing procedures mentioned in the syllabus for the preliminary and final examinations as prescribed by regulation and as may be necessary for this purpose every such student nurse shall be transferred from one approved hospital to another in the relevant school of nursing.

(*b*) Elke leerlingverpleger wat sy opleiding aan 'n verpleegskool ontvang, moet—

(i) vir minstens vier maande en vir hoogstens ses maande gedurende sy eerste jaar van opleiding en altesaam vir minstens drie maande en vir hoogstens vier maande gedurende sy tweede en derde jare van opleiding 'n verplegingskollege bywoon mits hy vir minstens een maand gedurende sy tweede jaar van opleiding 'n verplegingskollege bywoon; en

(ii) een of meer goedgekeurde hospitale van die betrokke verpleegskool vir minstens twee en 'n half jare van die totale opleidingstydperk bywoon.

[OPMERKING.—Die tydperke vermeld in paragrawe (i) en (ii) van hierdie regulasie hoef nie aaneenlopend te wees nie.]

II. Die tydperk van opleiding vir 'n verpleger aan 'n opleidingskool is 3½ jaar.

III. In die geval van 'n leerlingverpleger wat van 'n opleidingskool na 'n verpleegskool, of omgekeerd, oorgeplaas word, word die tydperk van opleiding wat deur hom aan die vorige opleidingskool of verpleegskool ontvang is ten volle erken.

5. ONDERBREKING VAN OPLEIDING.

Opleiding moet aaneenlopend wees. As 'n leerlingverpleger sy opleidingstydperk onderbreek, moet hy so'n onderbreking goedmaak, sodat hy die hele opleidingstydperk, soos in hierdie regulasies bepaal, deurmaak.

As die onderbreking langer as ses maande is, moet hy bowendien 'n verlengde opleiding wat gelykstaan met die helfte van die tydperk van die onderbreking ontvang, tensy die Raad anders besluit.

Geen voorafgaande opleiding word erken as 'n leerlingverpleger sy opleiding meer as een keer onderbreek het nie, tensy die Raad anders besluit.

Gedurende sy opleidingstydperk kan aan 'n leerlingverpleger siekteverlof van hoogstens dertig dae toegestaan word en alle siekteverlof van meer as dertig dae wat aan hom toegestaan word, moet deur hom goedgemaak word.

Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken die uitdrukking „onderbreking van opleiding" die beëindiging van 'n leerlingverpleger se dienste aan sy verpleegskool of opleidingskool.

6. VRYSTELLING VAN OPLEIDING.

'n Leerlingverpleger wat 'n geregistreerde verpleger van sielsiekes of 'n geregistreerde verpleger van swaksinniges is, word van die eerste jaar van die opleidingskursus, soos by hierdie regulasies voorgeskryf, vrygestel en hy word ook vrygestel van die voorlopige eksamen en van die bywoning van die voorlesings en demonstrasies wat daarvoor vereis word.

7. VOORLESINGS EN DEMONSTRASIES.

Elke leerlingverpleger moet 'n volledige kursus voorlesings en demonstrasies wat die vakke wat by regulasie voorgeskryf is vir die voorlopige eksamen vir verplegers dek, bywoon. Alle voorlesings moet deur persone wat deur die Raad goedgekeur is, gegee word en demonstrasies moet deur geregistreerde verpleegsters of verplegers gehou word. Elke leerlingverpleger moet altesaam minstens 30 demonstrasies in al die afdelings bywoon en moet minstens 10 van hierdie demonstrasies in die afdelings bygewoon het alvorens hy hom vir die voorlopige eksamen laat inskryf.

8. PRAKTIESE OPLEIDING.

I. Elke leerlingverpleger wat sy opleiding aan 'n verpleegskool ontvang, moet gedurende die tydperke wat hy in die goedgekeurde hospitaal of hospitale deurbring in al die verplegingsmetodes wat genoem word in die leerplan vir die voorlopige en finale eksamens soos voorgeskryf by regulasie, onderrig word en dit uitvoer en vir hierdie doel moet elke sodanige leerlingverpleger van een goedgekeurde hospitaal na 'n ander in die betrokke verpleegskool oorgeplaas word, as dit nodig is.

II. Every student nurse undergoing his training in a training school shall, during the course of his training at such training school, receive instruction in, and carry out, all the nursing procedures mentioned in the syllabus for the preliminary and final examinations as prescribed by regulation. Every student shall spend at least three weeks in an operating theatre.

9. SYLLABUS.

The syllabus for the preliminary and final examinations shall be as prescribed by regulation.

10. EXAMINATIONS.

(*a*) The preliminary examination shall consist of two portions being—

(i) a written examination conducted by the Council in which one paper of not less than five questions shall be set and in which candidates shall be allowed three hours to answer the paper. This portion of the examination shall carry 80 per cent. of the total marks of the examination; and

(ii) a written and practical examination conducted by the training school or school of nursing concerned, to which 20 per cent. of the total marks of the examination shall be allocated. This portion of the examination shall consist of at least four consecutive written tests in anatomy and physiology, at least two consecutive written tests in hygiene and at least six consecutive practical tests in elementary nursing and first-aid conducted by the ward sisters or charge nurses on patients in the wards of the training school or approved hospital concerned. The average percentage mark obtained by each candidate shall be submitted by the person in charge of the training school or school of nursing concerned so a to reach the Registrar not later than the day before the date on which the portion of the examination conducted by the Council is to be held. The examiner/s for these tests shall be appointed by the person in charge of the training school or school of nursing concerned.

(*b*) The final examination shall consist of two portions being—

(i) a written examination for which three papers on medical nursing, surgical nursing, and the theory and practice of nursing respectively shall be set; each paper shall contain not less than three questions and candidates shall be allowed two hours to answer each paper; and

(ii) a practical examination in which each candidate shall be examined orally and practically by one or more examiners appointed by the Council either in the wards of the training school or approved hospital concerned or in the lecture or demonstration room of the training school or nursing college concerned.

11. REQUIREMENTS FOR ADMISSION TO THE PRELIMINARY EXAMINATIONS.

I. No student nurse who is undergoing his training in a school of nursing approved by the Council shall be admitted to the preliminary examination unless he produces a certificate signed by the person in charge of the relevant school of nursing or approved hospital that he—

(i) has attended over a period of at least four months in all a course of lectures and demonstrations at a nursing college and that such course of lectures and demonstrations fully covered the subjects of the syllabus prescribed by regulation for the preliminary examination and was given by teachers approved of by the Council; and

(ii) has attended at an approved hospital for a period of at least 2 months in a full-time capacity.

II. Elke leerlingverpleger wat sy opleiding aan 'n opleidingskool ontvang, moet gedurende die loop van sy opleiding aan sodanige opleidingskool in al die verplegingsmetodes wat genoem word in die leerplan vir die voorlopige en finale eksamens soos voorgeskryf by regulasie onderrig word en dit uitvoer. Elke leerling moet minstens drie weke in 'n operasiesaal deurbring.

9. LEERPLAN.

Die leerplan vir die voorlopige en finale eksamens is soos voorgeskryf by regulasie.

10. EKSAMENS.

(*a*) Die voorlopige eksamen bestaan uit twee dele, naamlik—

(i) 'n skriftelike eksamen deur die Raad gehou wat bestaan uit een vraestel waarin minstens vyf vrae gestel word, en kandidate word drie uur toegelaat om dit te beantwoord. Aan hierdie deel van die eksamen word 80 persent van die totale aantal punte vir die eksamen toegeken; en

(ii) 'n skriftelike en praktiese eksamen wat deur die betrokke opleidingskool of verpleegskool gehou word en waaraan 20 persent van die totale aantal punte van die eksamen toegeken word. Hierdie deel van die eksamen bestaan uit minstens vier opeenvolgende skriftelike toetse in anatomie en fisiologie, minstens twee opeenvolgende skriftelike toetse in higiëne en minstens ses opeenvolgende praktiese toetse in elementêre verpleging en eerstehulp wat deur die afdelingsusters of eerste verplegers op pasiënte in die afdelings van die betrokke opleidingskool of goedgekeurde hospitaal afgeneem word.

Die gemiddelde persentasie punte wat deur elke kandidaat behaal word, moet deur die persoon in die beheer van die betrokke opleidingskool of verpleegskool aan die Registrateur gestuur word sodat dit hom bereik nie later nie as die dag voor dié datum waarop die deel van die eksamen wat deur die Raad staan gehou te word, afgeneem word. Die eksaminator(e) vir hierdie toetse word deur die persoon in die beheer van die betrokke opleidingskool of verpleegskool aangestel.

(*b*) Die finale eksamen bestaan uit twee dele, naamlik—

(i) 'n skriftelike eksamen, bestaande uit drie vraestelle onderskeidelik oor geneeskundige verpleging, chirurgiese verpleging en die teorie en praktyk van verpleging; elke vraestel bestaan uit minstens drie vrae en kandidate word vir elke vraestel twee uur toegelaat om dit te beantwoord; en

(ii) 'n praktiese eksamen waarin elke kandidaat òf in die afdelings van die betrokke opleidingskool òf goedgekeurde hospitaal òf in die voorlesings- òf demonstrasiekamer van die betrokke opleidingskool of verplegingskollege deur een of meer eksaminatore wat deur die Raad aangestel is mondeling en prakties geëksamineer word.

11. VEREISTES VIR TOELATING TOT DIE VOORLOPIGE EKSAMEN.

I. Geen leerlingverpleger wat sy opleiding ontvang aan 'n verpleegskool wat deur die Raad goedgekeur is, word tot die voorlopige eksamen toegelaat nie, tensy hy 'n sertifikaat, onderteken deur die persoon in die beheer van die betrokke verpleegskool of goedgekeurde hospitaal, voorlê, ten effekte dat hy—

(i) oor 'n tydperk van minstens vier maande 'n kursus voorlesings en demonstrasies aan 'n verplegingskollege bygewoon het en dat die kursus voorlesings en demonstrasies die vakke van die leerplan, voorgeskryf by regulasie vir die voorlopige eksamen, ten volle gedek het en gehou is deur dosente wat deur die Raad goedgekeur is; en

(ii) 'n goedgekeurde hospitaal voltyds vir 'n tydperk van minstens twee maande bygewoon het.

II. No student nurse who is undergoing his training in a training school shall be admitted to the preliminary examination unless he produces a certificate signed by the matron or superintendent of his training school that he has attended over a period of at least 6 months a complete course of lectures and demonstrations covering the subjects as prescribed by regulation for the preliminary examination.

12. REQUIREMENTS FOR ADMISSION TO THE FINAL EXAMINATION.

I. No student nurse who is undergoing his training in a school of nursing approved by the Council shall be admitted to the final examination unless.

(*a*) he has passed in the preliminary examination and a period of at least two years has elapsed subsequent to his passing in such examination;

(*b*) he submits a certificate signed by the person in charge of the relevant school of nursing or approved hospital, certifying

(i) that at a nursing college, and extending over a period of at least three months, he has attended a complete course of lectures and demonstrations covering the subjects for the final examination as prescribed by regulation; and

(ii) that in approved hospitals, and extending over a period of not less than two years in all, he has received instruction and carried out all the nursing procedures mentioned in the subjects for the final examination as prescribed by regulation.

(*c*) he submits a statement of leave granted to him during the period of his training, signed by the person in charge of the school of nursing or approved hospital concerned; and

(*d*) he submits a certificate of good health signed by a registered medical practitioner on the staff of one of the approved hospitals attached to the relevant school of nursing.

II. No student nurse who is undergoing his training in a training school shall be admitted to the final examination unless—

(*a*) he has completed three years training; provided that at least two years shall have elapsed subsequent to his passing in the preliminary examination;

(*b*) he submits a certificate, signed by the matron or superintendent of the training school, certifying that he—

(i) has undergone the course of training (including the actual nursing of patients) in an approved training school for a period as laid down in these regulations;

(ii) has attended, during the period of training at the aforesaid training school, a complete course of lectures and demonstrations as prescribed by regulation;

(*c*) he submits a statement of leave granted to him during his period of training, signed by the matron or superintendent of the training school concerned; and

(*d*) he submits a certificate of good health signed by the senior medical officer of the training school concerned.

[NOTE.—A candidate who has successfully completed the final examination will not be registered until the person in charge of the school of nursing or the matron or superintendent of the training school, as the case may be, at which he underwent his training shall have furnished the Council with a certificate that the student nurse concerned has completed the full period of training as laid down in these regulations.)

II. Geen leerlingverpleger wat sy opleiding in 'n opleidingskool ontvang, word tot die voorlopige eksamen toegelaat nie, tensy hy 'n sertifikaat, onderteken deur die matrone of superintendent van sy opleidingskool, voorlê ten effekte dat hy oor 'n tydperk van minstens ses maande 'n volledige kursus voorlesings en demonstrasies, wat die vakke soos voorgeskryf by regulasie vir die voorlopige eksamen dek, bygewoon het.

12. VEREISTES VIR TOELATING TOT DIE FINALE EKSAMEN.

I. Geen leerlingverpleger wat sy opleiding aan 'n verpleegskool ontvang wat deur die Raad goedgekeur is, word tot die finale eksamen toegelaat nie, tensy—

(*a*) hy in die voorlopige eksamen geslaag het en twee jaar verloop het sedert hy in daardie eksamen geslaag het;

(*b*) hy 'n sertifikaat, onderteken deur die persoon in die beheer van die betrokke verpleegskool of goedgekeurde hospitaal, voorlê, waarin gesertifiseer word dat—

(i) hy vir minstens drie maande aan 'n verplegingskollege 'n volledige kursus voorlesings en demonstrasies wat die vakke, soos voorgeskryf by regulasie vir die finale eksamen dek, bygewoon het; en

(ii) hy aan goedgekeurde hospitale vir 'n tydperk van altesaam minstens twee jaar, in al die verplegingsmetodes wat genoem word in die vakke vir die finale eksamen, soos voorgeskryf by regulasie, onderrig is en dit uitgevoer het;

(*c*) hy 'n opgawe van verlof wat aan hom gedurende sy opleidingstydperk toegeken is en wat deur die persoon in die beheer van die betrokke verpleegskool of goedgekeurde hospitaal onderteken is, inlewer; en

(*d*) hy 'n sertifikaat van goeie gesondheid wat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn wat lid is van die personeel van een van die goedgekeurde hospitale, verbonde aan die betrokke verpleegskool, onderteken is, inlewer.

II. Geen leerlingverpleger wat sy opleiding aan 'n opleidingskool ontvang, word tot die finale eksamen toegelaat nie, tensy—

(*a*) hy drie jaar opleiding voltooi het en minstens twee jaar verstryk het sedert hy in die voorlopige eksamen geslaag het;

(*b*) hy 'n sertifikaat wat deur die matrone of superintendent van die opleidingskool onderteken is, inlewer waarin gesertifiseer word dat hy—

(i) die kursus van opleiding (insluitende die werklike verpleging van pasiënte) aan 'n goedgekeurde opleidingskool, vir 'n tydperk soos bepaal in hierdie regulasies, deurgemaak het;

(ii) gedurende die opleidingstydperk aan die genoemde opleidingskool 'n volledige kursus voorlesings en demonstrasies, soos voorgeskryf by regulasie, bygewoon het;

(*c*) hy 'n opgawe van verlof wat aan hom gedurende sy opleidingstydperk toegeken is en wat deur die matrone of superintendent van die betrokke opleidingskool onderteken is, inlewer; en

(*d*) hy 'n sertifikaat van goeie gesondheid wat deur die senior geneeskundige beampte van die betrokke opleidingskool onderteken is, inlewer.

(OPMERKING.—'n Kandidaat wat die finale eksamen met goeie gevolg afgelê het, word nie geregistreer nie alvorens die persoon in die beheer van die verpleegskool of die matrone of superintendent van die opleidingskool, na gelang van die geval, waar hy sy opleiding ontvang het, by die Raad 'n sertifikaat ingedien het ten effekte dat die betrokke leerlingverpleger die volle opleidingstydperk, soos bepaal in hierdie regulasies, deurgemaak het.)

13. RE-ADMISSION TO EXAMINATIONS.

(*a*) A candidate who fails in the written or the practical portion of the final examination at his first attempt shall be required to present himself for re-examination only in that portion in which he has failed.

(*b*) A candidate who fails to pass in one or more of the question papers of the written portion of the final examination shall be deemed to have failed the written portion as a whole.

(*c*) If a candidate fails in the written or the practical portion of the final examination at his second or subsequent attempt at such examination he shall be deemed to have failed in the examination as a whole.

(*d*) A candidate who fails to pass in an examination and obtains an aggregate mark of less than 40 per cent. of the total marks available shall not be permitted to present himself for the examination immediately following the one in which he failed.

(*e*) A candidate who fails to pass an examination at his third attempt at such examination, may be required to undergo such further training as the Council may decide upon before he is re-admitted to the examination.

14. EXAMINATION MARKS.

(*a*) Successful candidates shall be shown as having "passed" or "passed with honours".

(*b*) In order to pass in the preliminary examination a candidate shall be required to have obtained at least 50 per cent. of the aggregate maximum marks allocated to the examination.

(*c*) In order to pass in the final examination a candidate shall be required to have obtained at least 40 per cent. of the maximum marks in each of the question papers of the written portion and 50 per cent. in the oral and practical portion of the examination, and to have obtained at least 50 per cent. of the aggregate maximum marks for the whole examination. Fifty per cent. of the aggregate marks shall be allocated to the written portion of the examination and 50 per cent. to the oral and practical portion of the examination.

(*d*) In order to pass with honours in the preliminary examination a candidate shall be required to have obtained at least 75 per cent. of the aggregate maximum marks for the whole examination. In order to pass with honours in the practical portion or the written portion of the final examination a candidate shall be required to have obtained at least 75 per cent. of the aggregate maximum marks for the portion concerned.

(*e*) Candidates will not be placed in order of merit and no information in regard to the marks or places of candidates shall be given except in connection with a prize or award approved of by the Council. In the case of an unsuccessful candidate the school of nursing or training school concerned may, however, be advised in what portion of the examination such candidate failed to satisfy the examiners.

15. DATES OF EXAMINATIONS AND ENTRIES.

(*a*) *Preliminary Examination.*—(i) The examinations referred to in regulation 10 (*a*) (i) of these regulations shall be held during the months of January, May and September and the closing dates shall be the 30th November, 31st March and the 31st July respectively. Applications for admission to the examination shall be lodged with the Registrar on or before the above-mentioned closing dates.

(ii) The tests referred to in regulation 10 (*a*) (ii) of these regulations shall be held at the times appointed by the person in charge of the training school or school of nursing concerned; provided that these shall be held not more than six months prior to the date of the corresponding portion of the examination referred to in paragraph (i) hereof.

(*b*) *Final Examination.*—Examinations for the final examinations shall be held during the months of March, July and November and the closing dates for the examinations shall be the 31st December, 30th April and the 31st August respectively; provided that the practical portions of the respective examinations may be commenced during the months of February, June and October respectively and may continue after the dates of the respective written

13. HERTOELATING TOT EKSAMENS.

(*a*) Van 'n kandidaat wat met die eerste poging nie in die skriftelike of die praktiese deel van die finale eksamen slaag nie, word vereis om hom alleen in die deel waarin hy nie geslaag het nie, vir hereksamen aan te meld.

(*b*) As 'n kandidaat in een of meer van die vraestelle van die skriftelike deel van die finale eksamen nie slaag nie dan word beskou dat hy in die hele skriftelike deel nie geslaag het nie.

(*c*) As 'n kandidaat met sy tweede of daaropvolgende poging nie in die skriftelike of praktiese deel van die finale eksamen slaag nie, dan word beskou dat hy in die hele eksamen nie geslaag het nie.

(*d*) 'n Kandidaat wat nie slaag in 'n eksamen nie en 'n gesamentlike puntetal van minder as 40 persent van die totale aantal punte behaal, word nie toegelaat om hom vir die eksamen wat onmiddellik op die eksamen volg waarin hy nie geslaag het nie, aan te meld nie.

(*e*) Van 'n kandidaat wat na sy derde poging nie in die eksamen slaag nie kan vereis word om verdere opleiding te ontvang al na die Raad besluit alvorens hy weer tot die eksamen toegelaat word.

14. EKSAMENPUNTE.

(*a*) Suksesvolle kandidate word aangedui as „geslaag" of „geslaag met lof".

(*b*) Om in die voorlopige eksamen te slaag, moet 'n kandidaat minstens 50 persent van die totale maksimum punte wat vir die eksamen toegeken is, behaal.

(*c*) Om in die finale eksamen te slaag moet 'n kandidaat minstens 40 persent van die maksimum punte in elkeen van die vraestelle vir die skriftelike deel en 50 persent in die mondelinge en praktiese deel van die eksamen en minstens 50 persent van die totale maksimum punte vir die hele eksamen behaal. Van die totale punte word 50 persent aan die skriftelike deel van die eksamen en 50 persent aan die mondelinge en praktiese deel van die eksamen toegeken.

(*d*) Om met lof te slaag in die voorlopige eksamen moet 'n kandidaat minstens 75 persent van die totale maksimum punte vir die hele eksamen behaal. Om met lof te slaag in die praktiese deel of die skriftelike deel van die finale eksamen moet 'n kandidaat minstens 75 persent van die totale maksimum punte vir die betrokke deel behaal.

(*e*) Kandidate word nie in volgorde van verdienste geplaas nie en geen inligting aangaande die punte of plekke van kandidate, uitgesonderd in verband met 'n prys of toekenning, goedgekeur deur die Raad, word verstrek nie. In die geval van 'n kandidaat wat nie slaag nie, kan die betrokke verpleegskool of opleidingskool egter verwittig word van die deel van die eksamen waarin hy nie geslaag het om die eksaminatore te bevredig nie.

15. DATUMS VIR EKSAMENS EN INSKRYWINGS.

(*a*) *Voorlopige eksamen.*—(i) Die eksamens wat in regulasie 10 (*a*) (i) van hierdie regulasies genoem word, word gedurende die maande Januarie, Mei en September gehou en die sluitingsdatums is onderskeidelik 30 November, 31 Maart en 31 Julie. Aansoeke om toelating tot die eksamen moet voor of op bogenoemde sluitingsdatums by die Registrateur ingedien word.

(ii) Die toetse, in regulasie 10 (*a*) (ii) van hierdie regulasies genoem, word gehou op die tye wat deur die persoon in die beheer van die betrokke opleidingskool of verpleegskool bepaal word; met dien verstande dat hulle hoogstens ses maande voor die datum van die ooreenkomstige deel van die eksamen in paragraaf (i) van hierdie regulasies genoem, gehou word.

(*b*) *Finale eksamen.*—Die finale eksamens word gedurende die maande Maart, Julie en November gehou en die sluitingsdatums vir die eksamens is onderskeidelik 31 Desember, 30 April en 31 Augustus; met dien verstande dat die praktiese dele van die onderskeie eksamens onderskeidelik gedurende die maande Februarie, Junie en Oktober 'n aanvang kan neem en na die datums van die onderskeie skriftelike deel van die eksamens kan voortgaan.

portions of the examinations. Applications for admission to the examinations shall be lodged with the Registrar on or before the above-mentioned closing dates.

(*c*) An application lodged within seven days after the closing date of any examination shall be accepted only on payment of an additional fee of £1. 1s.

(*d*) An application lodged after the seventh day but on or before the fourteenth day after the closing date of any examination shall be accepted only on payment of an additional fee of £2. 2s.

(*e*) An application lodged after the fourteenth day but on or before the twenty-first day after the closing date of any examination shall be accepted only on payment of an additional fee of £3. 3s.

(*f*) No application which is lodged after the twenty-first day after the closing date of any examination shall be accepted.

An application for admisison to an examination shall not be deemed to have been "lodged" in terms of this regulation unless an entry form duly completed, the examination fees and, where applicable, the additional fee referred to in sub-paragraphs (*c*), (*d*) and (*e*) of this regulation, shall have reached the Registrar.

16. Examination Centres.

Excepting for the tests referred to in regulation 10 (*a*) (ii) of these regulations, examinations shall be held at such places as the Council may appoint. Special centres may be arranged for the convenience of the candidates taking the written examinations provided the training school or school of nursing concerned pays the expenses for arranging such centres.

17. Examiners.

Except as indicated in regulation 10 (*a*) (ii) of these regulations, examiners shall be appointed by the Council from time to time. The Council may furthermore from time to time appoint moderators for any or all of the written examinations.


(i) not be paid overtime remuneration in respect thereof if he is informed before 6 p.m. on the preceding day, or before the conclusion of his last period of duty immediately preceding it, that he is no longer required to observe such attendance;

(ii) be paid overtime remuneration in respect of one hour if notice of cancellation is given after 6 p.m. on the preceding day or after conclusion of his last period of duty immediately preceding the required attendance, but before he actually attends for overtime duty; and

(iii) be paid full overtime for the attendance as notified subject to a maximum of two hours if no notice of cancellation is given and the officer attends for duty at the appointed time.

Salary on which overtime remuneration shall be calculated.

169. No overtime remuneration shall be paid at a higher rate than that applying to a salary of £500 per annum. The rate of overtime remuneration applicable to an officer shall be governed by the salary drawn by him.

Payment of overtime remuneration to higher graded officers.

170. Except as provided for in these regulations or on the recommendation of the Commission no overtime remuneration shall be paid to an officer on a salary scale of which the maximum exceeds £600 per annum.

Commutation of overtime.

171. Notwithstanding anything to the contrary in these regulations contained, overtime remuneration for any extra attendances whatsoever may on the recommendation of the Commission be paid on a commuted basis.

Disallowance of overtime payments.

172. The head of a department may, in his discretion, disallow any claim for payment of overtime remuneration when the circumstances of the case seem to him to justify such action.

Temporary and non-classified employees.

173. (1) Temporary employees shall observe the standard weekly attendances prescribed for the permanent incumbents of the posts in which they are employed or for the permanent officers employed on comparable work and Regulations Nos. 156 to 172 shall, *mutatis mutandis*, apply to such temporary employees.

(2) Except as is provided for in paragraph (1) of this regulation, temporary and other non-classified employees shall be required to observe a standard weekly attendance of 48 hours and Regulations Nos. 156 to 172 shall, *mutatis mutandis*, apply to such temporary and non-classified employees.

† Republished as amended.

Kansellering van oortyddiens.

168. Aan 'n beampte wat aangesê is vir diens waarvoor onder gewone omstandighede oortydbesoldiging betaalbaar is, maar van wie nie vereis word om sodanige diens te verrig nie—

(i) word geen oortydbesoldiging ten opsigte van die diens betaal nie indien hy voor 6 nm. op die vorige dag of voor afsluiting van sy laaste dienstydperk wat die betrokke diens onmiddellik voorafgaan, in kennis gestel word dat hy nie meer sodanige diens hoef te verrig nie;

(ii) word oortydbesoldiging ten opsigte van een uur betaal indien kennis van kansellering gegee word na 6 nm. op die vorige dag of na afsluiting van sy laaste dienstydperk wat die vereiste diens onmiddellik voorafgaan, maar voordat hy hom werklik vir oortyddiens aanmeld; en

(iii) word volle oortydbesoldiging vir die diens waarvoor die beampte aangesê is tot 'n maksimum van twee uur, betaal, as hy nie van die kansellering in kennis gestel word nie en hy hom op die bepaalde tyd vir diens aanmeld.

Salaris waarop oortydbesoldiging bereken moet word.

169. Geen oortydbesoldiging word teen 'n hoër tarief as dié wat op 'n salaris van £500 per jaar van toepassing is, betaal nie. Die tarief van oortydbesoldiging wat op 'n beampte van toepassing is, word bepaal deur die salaris wat hy ontvang.

Betaling van oortydbesoldiging aan beamptes van hoër graad.

170. Behalwe soos voorgeskryf in hierdie regulasies, of op aanbeveling van die Kommissie, word geen oortydbesoldiging aan 'n beampte met 'n salarisskaal waarvan die maksimum meer as £600 per jaar is, betaal nie.

Omsetting van oortydbesoldiging.

171. Ondanks andersluidende bepalings van hierdie regulasies mag oortydbesoldiging ten opsigte van enige ekstra diens, op aanbeveling van die Kommissie, op 'n omgesette grondslag betaal word.

Afkeuring van oortydbesoldiging.

172. Die hoof van 'n departement mag, na goeddunke, enige eis vir die betaling van oortydbesoldiging afkeur indien die omstandighede van die geval volgens sy mening sodanige optrede regverdig.

Tydelike en nie-geklassifiseerde werknemers.

173. (1) Tydelike werknemers moet die standaard-weeklikse dienstyd nakom wat voorgeskryf is vir permanente bekleërs van die poste waarin hul dien of vir permanente beamptes wat vergelykbare werk doen, en regulasies Nos. 156 tot 172 is *mutatis mutandis* op sulke tydelike werknemers van toepassing.

(2) Behalwe soos bepaal in paragraaf (1) van hierdie regulasie word van tydelike en ander nie-geklassifiseerde werknemers vereis om 'n standaard-weeklikse dienstyd van 48 uur na te kom, en regulasies Nos. 156 tot 172 is op sulke tydelike en nie-geklassifiseerde werknemers van toepassing.

† Herpubliseer soos gewysig.

✱ No. 3080.] [1 December 1950.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937—GLAZER TO LAMB.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Joan Kathleen Glazer and minor children, Harold Aubrey and Maurice Victor Glazer, residing at 3 Monsonia Court, Queen Mary Avenue, Durban, to assume the surname Lamb.

✱ No. 3080.] [1 Desember 1950.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—GLAZER NA LAMB.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Ekselensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Joan Kathleen Glazer en minderjarige kinders, Harold Aubrey en Maurice Victor Glazer, woonagtig te Monsonia Court 3, Queen Marylaan, Durban, te magtig om die van Lamb aan te neem.

✱ No. 3093.] [15 December 1950.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, under the provisions of section *sixty-eight* (4) of the South Africa Act, 1909, to appoint William James Belt Slater, Esquire, Provincial Secretary of the Province of the Cape of Good Hope, as Deputy-Administrator of that Province with effect from the 12th December, 1950, during the absence on leave of the Administrator.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

✱ No. 3097.] [15 December 1950.

MILITARY TRAINING AND EXERCISES.

It is notified for information that the areas within the undermentioned boundaries in the Magisterial District Windhoek, will be used as areas for training and exercise of members of the Union Defence Forces:—

Reference Map: Auas Pass.
Zone J, part of sheets 2217 C.A.A., 2217 C.A.C.
Windhoek 1: 25,000.

TRAINING AREA "A".

On the North.—From point on river Aretaragas, reference point 536610, to reference point 575640, excluding main road Windhoek-Maltahohe running north-east.

On the East.—From reference point 575640 to high point at map reference 564558, excluding main road Windhoek-Rehoboth running north-south parallel to railway line.

On the South.—From high point at map reference 564558 along a line to high point at map reference 523561.

On the West.—From high point at map reference 523561 along a straight line to point on Aretaragas River, map reference 536610.

TRAINING AREA "B".

On the North.—From a point on the Gammams River approximately 1,400 metres due east of the railway line Windhoek-Rehoboth, map reference 600670, along a straight line to map reference 630670.

On the East.—From a point at map reference 630670 along a straight line to a point, map reference 640618, approximately 2,600 metres due east of trig. beacon on Kleine Kuppe. From there along a straight line running due south to a point, map reference 640560.

On the South.—From map reference 640560 along a straight line to high point map reference 586562.

On the West.—From that point at map reference 586562 along a straight line to the south-east corner of the aerodrome at map reference 596646. From the south-east corner of the aerodrome at map reference 596646 along a straight line to the starting point on the Gammams River approximately 1,400 metres due east of the railway line at map reference 600670.

The area is bounded on the west and excludes the aerodrome and the main railway line Windhoek-Rehoboth running north-south.

Shelling, machine gunning, bombing and rocket projectile practices, will be carried out in the above areas from time to time.

Whilst firing/bombing is being carried out a red flag will be hoisted on Kleine Kuppe and on all approaches to the firing area.

It will be dangerous to cross this area whilst practice is taking place except by public roads. On such roads patrols will be posted to warn travellers of danger.

✱ No. 3093.] [15 Desember 1950.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens die bepalings van artikel *agt-en-sestig* (4) van die Zuid Afrika Wet, 1909, die weledele heer William James Belt Slater, Provinsiale Sekretaris van die Provinsie Kaap de Goede Hoop, aan te stel as Waarnemende Administrateur van genoemde provinsie met ingang van 12 Desember 1950, gedurende die afwesigheid met verlof van die Administrateur.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

✱ No. 3097.] [15 Desember 1950.

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENING.

Ter algemene inligting word bekendgemaak dat die terreine binne ondervermelde grense van die magistraatsdistrik Windhoek geleë, as terreine vir die opleiding en oefening van lede van die Unie-verdedigingsmag gebruik sal word:—

Verwysingskaart: Auas Pass.
Strook J, deel van blaaie 2217 C.A.A., 2217 C.A.C.
Windhoek 1: 25,000.

OPLEIDINGSGEBIED „A".

Noord.—Van 'n punt langs die Aretaragasrivier af, verwysingspunt 536610, tot by verwysingspunt 575640, uitgesonderd die hoofpad Windhoek-Maltahohe wat noordoos loop.

Oos.—Van verwysingspunt 575640 af tot by die hoë punt by kaartverwysing 564558, uitgesonderd die hoofpad Windhoek-Rehoboth wat noordsuid parallel met die spoorlyn loop.

Suid.—Van die hoë punt by kaartverwysing 564558 af al met 'n lyn langs tot by die hoë punt by kaartverwysing 523561.

Wes.—Van die hoë punt by kaartverwysing 523561 af al met 'n reguit lyn langs tot by 'n punt langs die Aretaragasrivier, kaartverwysing 536610.

OPLEIDINGSGEBIED „B".

Noord.—Van 'n punt langs die Gammamsrivier af ongeveer 1,400 meter reg oos van die spoorlyn Windhoek-Rehoboth, kaartverwysing 600670, al met 'n reguit lyn langs tot by kaartverwysing 630670.

Oos.—Van 'n punt by kaartverwysing 630670 af al met 'n reguit lyn langs tot by 'n punt, kartverwysing 640618, ongeveer 2,600 meter reg oos van die driehoeksbaken op Kleine Kuppe. Daarvandaan al met 'n reguit lyn langs wat reg suid loop tot by 'n punt, kaartverwysing 640560.

Suid.—Van kaartverwysing 640560 af al met 'n reguit lyn langs tot by die hoë punt, kaartverwysing 586562.

Wes.—Van daardie punt by kaartverwysing 586562 af al met 'n reguit lyn langs tot by die suidoostelike hoek van die vliegveld by kaartverwysing 596646. Van die suidoostelike hoek van die vliegveld by kaartverwysing 596646 af al met 'n reguit lyn langs tot by die beginpunt langs die Gammamsrivier ongeveer 1,400 meter reg oos van die spoorlyn by kaartverwysing 600670.

Die terrein het 'n grenslyn aan die westekant en sluit die vliegveld en die hoofspoorlyn Windhoek-Rehoboth uit wat noordsuid loop.

Daar sal van tyd tot tyd op gemelde terreine artillerieskiet-, masjiengeweer-, bomwerp- en vuurpyloefening gehou word.

Tydens die skiet-bomwerpoefening sal 'n rooi vlag op Kleine Kuppe en by al die toegangsweë na die gevaarterrein vertoon word.

Dit sal gevaarlik wees om, solank die oefening aan die gang is, oor die terrein te gaan, behalwe met die grootpaaie. Op daardie paaie sal patrollies uitgesit word om reisigers vir die gevaar te waarsku.

All persons are warned against handling unexploded shells and/or bombs. In the event of any such shells and/or bombs being discovered an immediate report should be made to the Officer Commanding S.W.A. Command, P.O. Box 586, Windhoek, Telephones 3441 and 3442, or the District Commandant of Police, Windhoek.

Range stores must not be touched or removed from ranges. Persons found interfering with the targets are liable to prosecution.

Any person who wilfully disobeys or disregards the directions of this notice or any signals or orders by the Officer in Command or by members of safety patrols renders himself liable to prosecution and on conviction to a penalty of £25 or three months' imprisonment with hard labour. Disobedience of any of these orders, etc., will not only lead to prosecution but is likely to seriously endanger life or property.

The Officer Commanding S.W.A. Command, has been appointed as compensation officer for the area in terms of the regulations.

Almal word gewaarsku om geen onontplofte granaat en/of bom aan te raak nie. As iemand so'n granaat en/of bom sien lê, moet hy dit dadelik rapporteer aan die Bevelvoerende Offisier, Kommandement S.W.A., Posbus 586, Windhoek (telefone 3441 en 3442), of die Distrikskommandant van Polisie, Windhoek.

Skietbaanbehoeftes mag nie aangeraak of van die skietbane verwyder word nie. Iedereen wat hom met die teikens bemoei, kan vervolg word.

Persone wat opsetlik aan die voorskrifte van hierdie kennisgewing of die tekens of bevele van die bevelvoerder of die lede van die veiligheidspatrollies geen gehoor gee nie of dit veronagsaam, stel hulle bloot aan vervolging en, by skuldigbevinding, aan 'n boete van £25 of drie maande gevangenisstraf met harde arbeid. Verontagsaming van bostaande voorskrifte, ens., kan, afgesien van vervolging, veroorsaak dat lewe of eiendom in ernstige gevaar kom.

Die Bevelvoerende Offisier Kommandement S.W.A., is ooreenkomstig die regulasies as kompensasie-offisier vir die gebied aangestel.

DEPARTMENT OF LABOUR.

✱ No. 3078.] [15 December 1950.

APPRENTICESHIP ACT, 1944.

WITHDRAWAL AND DESIGNATION OF TRADES.— CARRIAGE BUILDING, WITWATERSRAND.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, on the recommendation of the National Apprenticeship Board, and after consultation with the apprenticeship committee, established for the Carriage Building Industry in the undermentioned magisterial districts by Government Notice No. 425 of 11th March, 1927, hereby—

(i) withdraw in terms of sub-section (3) of section *sixteen* of the said Act, Government Notice No. 383 of 6th May, 1931, in so far as it relates to the trades "Farriery, Bodymaking, coach and/or wagon smithing, coach and/or motor painting and coach and/or motor trimming";

(ii) designate in terms of sub-section (1) of section *sixteen* of the said Act, the trades Vehicle body builder, Blacksmithing (Vehicle), Painter (Vehicle), Trimming (Vehicle) as trades in the Carriage Building Industry, to which the provisions of the said Act in respect of apprenticeship shall apply in the undermentioned magisterial districts:—

Magisterial Districts:
Krugersdorp, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni and Springs.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

✱ No. 3081.] [15 December 1950.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

I, Jacobus Johannes Scheepers, Industrial Registrar, hereby give notice in terms of section *four* (4) as applied by section *seven* (4) of the Industrial Conciliation Act, 1937, that an application for an extension of the area of registration of the Food Canning and Allied Workers Union, particulars of which are given in the subjoined table, has been received by me.

Any registered trade union having objections to such variation is invited to submit such objections in writing to me c/o the Department of Labour, Compensation House, Schoeman Street, Pretoria, within one month of the date of publication of this notice.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

✱ No. 3078.] [15 Desember 1950.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944.

HERROEPING EN AANWYSING VAN BEDRYWE.— RYTUIGMAKERY, WITWATERSRAND.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, handelende kragtens die bepalings van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, op aanbeveling van die Nasionale Vakleerlingraad en na raadpleging met die Vakleerlingkomitee wat vir die Rytuigmakerynywerheid in die ondergenoemde magistraatsdistrikte ingestel is by Goewermentskennisgewing No. 425 van 11 Maart 1927—

(i) herroep hierby, kragtens subartikel (3) van artikel *sestien* van die genoemde Wet, Goewermentskennisgewing No. 383 van 6 Mei 1931, vir sover dit betrekking het op die bedrywe van hoefsmidswerk, maak van bakke, smidswerk in verband met rytuie en waens, skilder van rytuie en/of motors en bekleding van rytuie en/of motors;

(ii) wys hierby aan, kragtens subartikel (1) van artikel *sestien* van die genoemde Wet, die bedrywe voertuigbakbouer, grofsmidswerk (voertuig), skilder (voertuig), bekleër (voertuig), as bedrywe in die Rytuigmakerynywerheid, waarop die bepalings van genoemde Wet ten opsigte van vakleerlingskap in die ondergenoemde magistraatsdistrikte van toepassing is:—

Magistraatsdistrikte:
Krugersdorp, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Springs.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

✱ No. 3081.] [15 Desember 1950.

NYWERHEID VERSOENINGSWET, 1937.

Ek, Jacobus Johannes Scheepers, Nywerheid-registrateur, maak hierby ingevolge artikel *vier* (4) soos toegepas deur artikel *sewe* (4) van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, bekend dat 'n aansoek om 'n uitbreiding van die geregistreerde gebied van die „Food Canning and Allied Workers Union" waarvan besonderhede in die onderstaande tabel voorkom, deur my ontvang is.

Enige geregistreerde vakvereniging wat besware teen so'n wysiging het, word uitgenooi om die besware skriftelik aan my binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing p/a die Departement van Arbeid, Ongevallegebou, Schoemanstraat, Pretoria, voor te lê.

TABLE.

Name of trade union.....	Food Canning and Allied Workers' Union.
Date of application.....	8th February, 1950.
Association's Registered interests	Employees engaged in the manufacture and/or canning of jams, fruits, vegetables, pickles, sauces and/or meat in the magisterial districts of Johannesburg and Germiston.
Additional area in respect of which registration is desired	The magisterial district of Pretoria.
Address of applicant union	P.O. Box 6781, Johannesburg.

Any registered trade union submitting any objection to the granting of the application is hereby required in terms of sub-section (4) of section *four* of the Industrial Conciliation Act, 1937, to submit to me in writing in addition to any other material which it may wish to advance in substantiation of its objection, the following information within a period of seven days from the expiration of the period of one month:—

(*a*) The number of members of the unions in the Industry and area applied for or in any section of such industry or area in respect of which objection is lodged at any date between the date of publication of this notice and the expiry of the said period of seven days;

(*b*) the number of members under (*a*) who were in benefit in terms of the unions constitution, as at the date mentioned in paragraph (*a*);

(*c*) the number of members under (*a*) who were out of benefit in terms of the union's constitution as at the date mentioned in paragraph (*a*);

(*d*) the date to which the particulars referred to in paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) relate.

J. J. SCHEEPERS,
Industrial Registrar.

✱ No. 3090.] [15 December 1950.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

HAIRDRESSING TRADE, QUEENSTOWN.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement, which appears in the Schedule hereto and which relates to the Hairdressing Trade, shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending the 13th day of February, 1951, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of that organisation or that trade union;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in Clause 3 of the said Agreement shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending the 13th day of February, 1951, upon the other employers and employees engaged or employed in the said trade, in the municipal area of Queenstown; and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Municipal area of Queenstown, and from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending the 13th day of February, 1951, the provisions contained in Clause 3 of the said Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons employed in the said trade as are not included in the definition of the expression "employee", contained in section *one* of the said Act.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

TABEL.

Naam van vakvereniging	„Food Canning and Allied Workers' Union."
Datum van aansoek.....	8 Februarie 1950.
Belange ten opsigte waarvan aansoek gedoen word	Werknemers in die vervaardiging en/of inmaak van konfyt, vrugte, groente, piekels, souse, en/of vleis in die magistraatsdistrikte Johannesburg en Germiston.
Bykomende gebied ten opsigte waarvan registrasie verlang word	Magistraatsdistrik, Pretoria.
Adres van vakvereniging wat aansoek doen	Posbus 6781, Johannesburg.

Van geregistreerde vakverenigings wat besware teen die toestaan van die aansoek indien, word hierby ingevolge subartikel (4) van artikel *vier* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, vereis om benewens ander gegewens wat hulle verlang om voor te lê ter stawing van hul beswaar, onderstaande inligting skriftelik by my binne 'n tydperk van sewe dae na die vervaldag van die tydperk van een maand in te dien:—

(*a*) Die getal lede van die vakvereniging in die nywerheid en die gebied waarvoor aansoek gedoen word of in 'n afdeling van die nywerheid of gebied ten opsigte waarvan beswaar ingedien word, op enige datum tussen die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en die vervaldag van die genoemde tydperk van sewe dae;

(*b*) die getal lede onder (*a*) wat ingevolge die vakvereniging se grondwet binne die voordele van lidmaatskap was op die datum in paragraaf (*a*);

(*c*) die getal lede onder (*a*) wat ingevolge die vakvereniging se grondwet buite die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum in paragraaf (*a*);

(*d*) die datum waarop die besonderhede in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) genoem, betrekking het.

J. J. SCHEEPERS,
Nywerheidsregistrateur.

✱ No. 3090.] [15 Desember 1950.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

HAARKAPPERSBEDRYF, QUEENSTOWN.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae verskyn en betrekking het op die Haarkappersbedryf, vanaf die tweede Maandag na die datum van bekendmaking van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat eindig op die 13de dag van Februarie 1951 bindend is op die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en op die werkgewers en werknemers wat lede is van daardie organisasie of vereniging;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in Klousule 3 van genoemde Ooreenkoms vanaf die tweede Maandag na die datum van bekendmaking van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat eindig op die 13de dag van Februarie 1951, bindend is op die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens in genoemde bedryf in die munisipale gebied Queenstown; en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in Klousule 3 van genoemde Ooreenkoms vanaf die tweede Maandag na die datum van bekendmaking van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat eindig op die 13de dag van Februarie 1951, in die munisipale gebied Queenstown, *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone in diens in genoemde bedryf, wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „werknemer", vervat in artikel *een* van genoemde Wet, ingesluit is nie.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE HAIRDRESSING TRADE, EAST LONDON AND BORDER.

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into between the

East London Master Hairdressers' Association

(hereinafter referred to as "the employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

South African Hairdressers' Employees Industrial Union

(hereinafter referred to as "the employees" or the "trade union"), of the other part.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT.

The terms of this Agreement shall be observed in the municipal area of Queenstown by all members of the employers' area of Queenstown by all members of the employers' organisation who are engaged and all members of the trade union who are employed in the hairdressing trade.

2. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT.

This Agreement shall come into operation on a date fixed by the Minister of Labour in terms of Section *forty-eight* of the Act and shall remain in force until the 13th day of February, 1951, or such period as may be determined by him.

3. GENERAL PROVISIONS.

The provisions of clauses 3 to 15 (inclusive), 17 and 19 to 23 (inclusive) of the Agreement published under Government Notice No. 174 of the 4th February, 1949, shall be deemed to be incorporated in this Agreement and shall *mutatis mutandis* apply to all employers and employees.

4. SPECIAL PROVISIONS.

The provisions of clauses 16, 18 and 24 of the Agreement published under Government Notice No. 174 of the 4th February, 1949, shall be deemed to be incorporated in this Agreement and shall *mutatis mutandis* apply to all employers and employees.

Signed at East London on behalf of the parties this third day of October, 1950.

R. BEECH,
Vice-Chairman.
T. C. DEWAR,
Authorised Member,
E. J. O. ELLISON,
Secretary.

---

* No. 3094.] [15 December 1950.

APPRENTICESHIP ACT, 1944.

PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP.—GRAIN MILLING INDUSTRY.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, on the recommendation of the National Apprenticeship Board and after consultation with the apprenticeship committee, established by Government Notice No. 1931 of 19th September, 1947, for the Grain Milling Industry in respect of the Union of South Africa, hereby prescribe, in terms of sub-section (2) of section *sixteen* of the said Act, in addition to the conditions prescribed by Government Notices No. 2614 of 9th December, 1949, and No. 56 of 13th January, 1950, the undermentioned condition as a condition of apprenticeship in the undermentioned trades designated by me in the said Industry by Government Notice No. 246, dated 11th February, 1949:—

"Except in instances where exemption has been granted by the Minister, no minor apprentice shall be required to work between the hours of 10 p.m. and 6 a.m. during the first two years of his apprenticeship".

TRADES.

(1) Milling, which means	(*a*) the grinding, gristing or crushing of cereals or cereal products; (*b*) the production of any cereal product by grinding, gristing or crushing; (*c*) the production of any processed cereal product or product of cereal milling.
(2) Maize milling, which means	Milling, as set out in (1) above, but restricted to maize.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE HAARKAPPERSBEDRYF, OOS-LONDEN EN GRENS.

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, gesluit deur die

"East London Master Hairdressers' Association"

(hierna die „werkgewers" of die „werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

„South African Hairdressers' Empployees Industrial Union"

(hierna die "werknemers" of die „vakvereniging" genoem), aan die ander kant.

1. BESTEK VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die munisipale gebied van Queenstown nagekom word deur alle lede van die werkgewersorganisasie wat die haarkappersbedryf beoefen en deur alle lede van die vakvereniging wat in dié bedryf in diens is.

2. TERMYN VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op 'n datum wat kragtens artikel *agt-en-veertig* van die Wet deur die Minister van Arbeid vasgestel word, en bly van krag tot 13 Februarie 1951, of vir 'n tydperk wat deur hom bepaal mag word.

3. ALGEMENE BEPALINGS.

Die bepalings van klousules 3 tot en met 15, 17 en 19 tot en met 23 van die Ooreenkoms, by Goewermentskennisgewing No. 174 van 4 Februarie 1949 bekendgemaak, moet beskou word dat hulle in die Ooreenkoms beliggaam is en moet *mutatis mutandis* op alle werkgewers en werknemers van toepassing wees.

4. SPESIALE BEPALINGS.

Die bepalings van klousules 16, 18 en 24 van die Ooreenkoms, by Goewermentskennisgewing No. 174 van 4 Februarie 1949 bekend gemaak, moet beskou word dat hulle in hierdie Ooreenkoms beliggaam is en moet *mutatis mutandis* op alle werkgewers en werknemers van toepassing wees.

Namens die partye hede die 3de dag van Oktober 1950 in Oos-Londen geteken.

R. BEECH,
Ondervoorsitter.
T. C. DEWAR,
Gemagtigde Lid.
E. J. O. ELLISON,
Sekretaris.

---

* No. 3094.] [15 Desember 1950.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944.

VOORSKRYWING VAN VOORWAARDES VAN VAKLEERLINGSKAP IN DIE MAALNYWERHEID.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, handelende ingevolge die bepalings van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, op aanbeveling van die Nasionale Vakleerlingraad en na raadpleging met die Vakleerlingkomitee, ingestel by Goewermentskennisgewing No. 1931 van 19 September 1947, vir die Maalnywerheid vir die Unie van Suid-Afrika, skryf hierby voor ingevolge subartikel (2) van artikel *sestien* van genoemde Wet, benewens die voorwaardes voorgeskryf by Goewermentskennisgewings No. 2614 van 9 Desember 1949 en No. 56 van 13 Januarie 1950, ondergenoemde voorwaarde as 'n voorwaarde van vakleerlingskap in ondergenoemde bedrywe deur my in genoemde Nywerheid by Goewermentskennisgewing No. 246 van 11 Februarie 1949, aangewys:—

„Behalwe in gevalle waarin vrystelling deur die Minister verleen is, mag van geen minderjarige vakleerling vereis word dat hy gedurende die eerste twee jaar van sy leertyd tussen die ure 10 nm. en 6 vm. werk nie".

BEDRYWE.

(1) Maal, wat beteken....	(*a*) die maal, tot gruis maak, of breek van graansoorte of graanprodukte; (*b*) die produksie van graanprodukte deur maal, tot gruis maak, of breek; (*c*) die produksie van prosesbewerkte graanprodukte van graanmaal.
(2) Mielies maal, wat beteken	Maal, soos in (1) hierbo uiteengesit, maar wat tot mielies beperk is.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

✱ No. 3103.] [15 December 1950.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

SWEETMAKING INDUSTRY, JOHANNESBURG.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Sweetmaking Industry, Johannesburg, shall be binding from the first Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31st March, 1951, upon the employers' organisation and trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of that organisation or that union;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in clause 3 of the said Agreement shall be binding from the first Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31st March, 1951, upon the other employers end employees engaged or employed in the said Industry in the Magisterial District of Johannesburg; and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Magisterial District of Johannesburg and from the first Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31st March, 1951, the provisions contained in clause 3 of the said Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons employed in the said Industry as are not included in the definition of the expression "employee" contained in section *one* of the said Act.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE SWEETMAKING INDUSTRY (JOHANNESBURG).

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into between the

Sweet Industries Association (Transvaal)

(hereinafter referred to as "the employers" or "the employers' organisation"), of the one part, and

The Sweet Workers' Union

(hereinafter referred to as "the employees" or "the trade union"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Sweetmaking Industry (Johannesburg).

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT.

The terms of this Agreement shall be observed in the Magisterial District of Johannesburg by all members of the employers' organisation who are engaged and by all members of the trade union who are employed in the Sweet Making Industry.

2. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT.

This Agreement shall come into operation on such date as may be specified by the Minister in terms of section *forty-eight* of the Act and shall remain in force until 31st December, 1950, or for such period as may be determined by him.

3. INCORPORATION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE SWEETMAKING INDUSTRY (JOHANNESBURG) AGREEMENT.

The provisions of clauses 3-14 (inclusive) 16, 17 and 21-24 (inclusive) of the Agreement published under Government Notice No. 497 of the 18th of March, 1949, shall be deemed to be incorporated in this Agreement and shall apply.

✱ No. 3103.] [15 Desember 1950.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

LEKKERGOEDVERVAARDIGINGSNYWERHEID, JOHANNESBURG.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiertoe verskyn en op die Lekkergoedvervaardigingsnywerheid, Johannesburg, betrekking het, vanaf die eerste Maandag na die datum van bekendmaking van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat eindig 31 Maart 1951, bindend is op die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en op die werkgewers en werknemers wat lede is van daardie organisasie of daardie vereniging.

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in klousule 3 van genoemde Ooreenkoms vanaf die eerste Maandag na die datum van bekendmaking van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat eindig 31 Maart 1951 bindend is op die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens in genoemde Nywerheid in die magistraatsdistrik Johannesburg; en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in klousule 3 van genoemde Ooreenkoms vanaf die eerste Maandag na die datum van bekendmaking van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat eindig 31 Maart 1951 in die magistraatsdistrik Johannesburg *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone in diens in genoemde Nywerheid wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „werknemer", vervat in artikel *een* van genoemde Wet, ingesluit is nie.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

BYLAE.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE LEKKERGOEDNYWERHEID (JOHANNESBURG).

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, gesluit en aangegaan deur die

„Sweet Industries Association (Transvaal)"

(hierna die „werkgewers" of die „werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant en die

„Sweet Workers' Union"

(hierna die „werknemers" of die „vakvereniging" genoem), aan die ander kant

wat partye is by die Nywerheidsraad vir die Lekkergoednywerheid (Johannesburg).

1. BESTEK VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die magistraatsdistrik Johannesburg nagekom word deur alle lede van die werkgewersorganisasie wat betrokke is by die Lekkergoednywerheid en alle lede van die vakvereniging wat in dié Nywerheid in diens is.

2. TERMYN VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op 'n datum wat deur die Minister kragtens artikel *agt-en-veertig* van die Wet bepaal word en bly van krag tot 31 Desember 1950 of vir 'n tydperk wat deur hom vasgestel mag word.

3. INLYWING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE OOREENKOMS IN SAKE DIE LEKKERGOEDNYWERHEID (JOHANNESBURG).

Die bepalings van klousules 3 tot en met 14, 16, 17 en 21 tot en met 24 van die Ooreenkoms bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 497 van 18 Maart 1949, word beskou dat hulle by hierdie Ooreenkoms ingelyf is en is van toepassing.

4. SPECIAL PROVISIONS.

The provisions of clauses 15, 18, 19 and 20 of the Agreement published under Government Notice No. 497 of the 18th of March, 1949, shall be deemed to be incorporated in this Agreement and shall apply.

Signed at Johannesburg, on behalf of the parties, this fourteenth day of July, 1950.

M. GORDON,
Chairman of the Council.

HAYDIE LE ROUX,
Vice-Chairman of the Council.

W. B. FLOWERS.
Secretary of the Council.

---

* No. 3104.] [15 December 1950.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941.

SWEETMAKING INDUSTRY, JOHANNESBURG.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby in terms of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, declare the provisions of the Agreement and notice relating to the Sweetmaking Industry, Johannesburg, published under Government Notice No. 3103 of the 15th December, 1950, to be not less favourable to the persons whose hours of work are regulated thereby than the relative provisions of the said Act.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

---

* No. 3107.] [15 December 1950.

RE-INVESTIGATION OF THE PLYWOOD INDUSTRY BY THE WAGE BOARD.

The Wage Board has received a reference in respect of the above-mentioned Industry, and notifies in terms of sub-section (1) of section *eleven* of the Wage Act, 1937, that it is about to investigate, report and submit a recommendation to the Minister of Labour concerning the Plywood Industry in the Union of South Africa.

Persons interested are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by seven copies, should reach the Secretary, Wage Board, Compensation House, Schoeman Street, Pretoria, not later than the 15th January, 1951.

The reference reads as follows:—

"The Minister of Labour requests the Wage Board in terms of sub-section (1) (*a*) of section *four* of the Wage Act, 1937, to investigate and to report to him on the Plywood Industry in the Union of South Africa.

In terms of the powers vested in him by section *five* of the Act, the Minister directs that the investigation should be in respect of all employers and employees in the said Industry.

In terms of sub-section (1) of section *seven* of the Act, the Minister directs the Board to submit a recommendation to him.

For the purposes of this reference 'Plywood Industry' means the Industry in which employers and employees are associated for the manufacture wholly or partially of any one or more or all of the following products viz.—

(*a*) Plywood;
(*b*) veneers;
(*c*) veneered or laminated or block panels;
(*d*) veneered or laminated or block boards;

and includes all processes undertaken in such manufacture and all activities incidental thereto or consequent thereon."

4. SPESIALE BEPALINGS.

Die bepalings van klousules 15, 18, 19 en 20 van die Ooreenkoms wat by Goewermentskennisgewing 497 van 18 Maart 1949 bekend gemaak is, word beskou dat dit by hierdie Ooreenkoms ingelyf is en is van toepassing.

In Johannesburg namens die partye hede die veertiende dag van Julie 1950 geteken.

M. GORDON,
Voorsitter van die Raad,

HAYDIE LE ROUX,
Ondervoorsitter van die Raad,

W. B. FLOWERS,
Sekretaris van die Raad,

---

* No. 3104.] [15 Desember 1950.

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941.

LEKKERGOEDVERVAARDIGINGSNYWERHEID, JOHANNESBURG.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, handelende ingevolge subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, verklaar hierby dat die bepalings van die Ooreenkoms en kennisgewing in verband met die Lekkergoedvervaardigingsnywerheid, Johannesburg, bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 3103 van 15 Desember 1950 vir die persone wie se werkure daarby gereël word, nie minder gunstig is as die ooreenstemmende bepalings van die genoemde Wet nie.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

---

* No. 3107.] [15 Desember 1950.

HERONDERSOEK VAN DIE LAAGHOUTNYWERHEID DEUR DIE LOONRAAD.

Die Loonraad het 'n opdrag ontvang in verband met bogenoemde nywerheid, en gee kragtens subartikel (1) van artikel *elf* van die Loonwet, 1937, kennis dat hy op die punt staan om ondersoek in te stel na, aan die Minister van Arbeid verslag te doen oor en 'n aanbeveling voor te lê vir die Laaghoutnywerheid in die Unie van Suid-Afrika.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë by die Raad in te dien. Sodanige vertoë, tesame met sewe afskrifte, moet die Sekretaris, Loonraad, Ongevallegebou, Schoemanstraat, Pretoria, uiterlik die 15de Januarie 1951 bereik.

Die opdrag lui soos volg:—

„Die Minister van Arbeid versoek die Loonraad kragtens subartikel (1) (*a*) van artikel *vier* van die Loonwet, 1937, om ondersoek in te stel na, en aan hom verslag te doen oor die Laaghoutnywerheid in die Unie van Suid-Afrika.

Kragtens die bevoegdhede hom verleen by artikel *vyf* van die Wet, gee die Minister opdrag dat die ondersoek ten opsigte van al die werkgewers en werknemers in genoemde nywerheid gehou moet word.

Kragtens subklousule (1) van artikel *sewe* van die Wet, gee die Minister die Raad opdrag om 'n aanbeveling aan hom voor te lê.

Vir die doeleindes van hierdie opdrag beteken ‚Laaghoutnywerheid' die nywerheid waarin werkgewers en werknemers geassosieer is om uitsluitlik of gedeeltelik een of meer of almal van die volgende produkte te vervaardig nl.—

(*a*) Laaghout;
(*b*) opgelegde werk;
(*c*) opgelegde- of reeplaag- of blokpanele;
(*d*) opgelegde- of reeplaag- of blokplanke;

met inbegrip van alle prosesse wat by sulke vervaardiging onderneem word en alle bybehorende en gevolglike werksaamhede."

✱ No. 3108.] [15 December 1950.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946, AS AMENDED.

NOTICE IN TERMS OF SECTION *TWO* (5) (*a*).

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby in terms of paragraph (*a*) of sub-section (5) of section *two* of the Unemployment Insurance Act, 1946, as amended by Act No. 41 of 1949, declare that, with effect from 1st January, 1951, persons employed in the Magisterial District of Ladybrand, except persons employed by Messrs. Norwood Coaker, shall not, for the purposes of the said Act, be regarded as contributors.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

✱ No. 3108.] [15 Desember 1950.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946, SOOS GEWYSIG.

KENNISGEWING KRAGTENS ARTIKEL *TWEE* (5) (*a*).

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (5) van artikel *twee* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, soos gewysig by Wet No. 41 van 1949, dat, met ingang van 1 Januarie 1951, persone in diens in die magistraatsdistrik Ladybrand, behalwe persone in diens by die firma Norwood Coaker, nie by toepassing van genoemde Wet as bydraers beskou word nie.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

✱ No. 3109.] [15 December 1950.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946, AS AMENDED.

NOTICE IN TERMS OF SECTION *TWO* (5).

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby in terms of sub-section (5) of section *two* of the Unemployment Inusrance Act, 1946, as amended by Act No. 41 of 1949, declare that, with effect from 1st January, 1951—

(*a*) Government Notice No. 1338 of 16th June, 1950, is withdrawn; and

(*b*) persons employed in the Magisterial Districts of Frankfort, Reitz and Vrede shall not, for the purposes of the said Act, be regarded as contributors.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

✱ No. 3109.] [15 Desember 1950.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946, SOOS GEWYSIG.

KENNISGEWING KRAGTENS ARTIKEL *TWEE* (5).

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens subartikel (5) van artikel *twee* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, soos gewysig by Wet No. 41 van 1949, dat, met ingang van 1 Januarie 1951—

(*a*) Goewermentskennisgewing No. 1338 van 16 Junie 1950, herroep word; en

(*b*) persone in diens in die magistraatsdistrikte Frankfort, Reitz en Vrede nie by toepassing van genoemde Wet as bydraers beskou word nie.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

✱ No. 3117.] [15 December, 1950.

APPRENTICESHIP ACT, 1944.

PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP.—MECHANICAL AND ELECTRICAL ENGINEERING INDUSTRIES, CAPE TOWN.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, on the recommendation of the National Apprenticeship Board and after consultation with the Apprenticeship Committee established for the Mechanical and Electrical Engineering Industries in the undermentioned areas by Government Notice No. 988 of the 10th July, 1936, Government Notice No. 1238 of the 13th August, 1937, Government Notice No. 308 of the 20th February, 1942 and Government Notice No. 519 of the 12th March, 1948, hereby prescribe in terms of sub-section (2) of section *sixteen* of the said Act, in the undermentioned areas the undermentioned conditions as conditions in respect of apprenticeship in the trades of angle and platesmith, constructional steelworker, power system instrument mechanician, and refrigerator mechanic (Commercial and domestic), designated by Government Notice No. 1239 of the 2nd June, 1950:—

AREAS.

The Magisterial District of the Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville, Beaufort West, Bredasdorp, Caledon, Ceres, Malmesbury, Montagu, Paarl, Piquetberg, Riversdale, Robertson, Somerset West, Stellenbosch, Tulbagh, Wellington and Worcester.

✱ No. 3117.] [15 Desember 1950.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944.

VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDES.—WERKTUIGKUNDIGE EN ELEKTROTEGNIESE INGENIEURSNYWERHEDE, KAAPSTAD.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, handelende kragtens die bepalings van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, op aanbeveling van die Nasionale Vakleerlingraad en na raadpleging met die komitee vir vakleerlinge wat vir die Meganiese en Elektrotegniese Ingenieursnywerhede in die ondergenoemde gebiede ingestel is by Goewermentskennisgewing No. 988 van 10 Julie 1936, Goewermentskennisgewing No. 1238 van 13 Augustus 1937, Goewermentskennisgewing No. 308 van 20 Februarie 1942, en Goewermentskennisgewing No. 519 van 12 Maart 1948, skryf hierby kragtens subartikel (2) van artikel *sestien* van genoemde Wet in ondergenoemde gebiede ondergenoemde voorwaardes voor as voorwaardes ten opsigte van vakleerlingskap in die bedrywe hoek- en plaatsmid, konstruksiestaalwerker, instrumentwerktuigkundige by kragstelsels en verkoelerwerktuigkundige (handel en huishoudelik) aangewys by Goewermentskennisgewing No. 1239 van 2 Junie 1950:—

GEBIEDE.

Die magistraatsdistrikte die Kaap, Wynberg, Simonstad, Bellville, Beaufort-Wes, Bredasdorp, Caledon, Ceres, Malmesbury, Montagu, Paarl, Piquetberg, Riversdal, Robertson, Somerset-Wes, Stellenbosch, Tulbagh, Wellington en Worcester.

CONDITIONS.

1. PERIOD OF APPRENTICESHIP.

Except in cases where a reduction of the period is approved by the Minister, the period of apprenticeship shall be five years.

2. QUALIFICATIONS FOR COMMENCING APPRENTICESHIP.

Except in cases where exemption is granted by the Minister, the minimum age and educational qualifications for commencing apprenticeship shall be sixteen years and the passing of Standard VII, respectively.

3. EDUCATIONAL CLASSES TO BE ATTENDED.

Except in cases where exemption is granted by the Minister, apprentices in areas where classes are provided, shall attend classes for apprentices in the Mechanical and Electrical Engineering Industries at the Cape Technical College or the Paarl Commercial College leading to the Preliminary Technical and National Technical Certificates issued by the Department of Education, Arts and Science, or to any certificate or certificates which may be instituted in place thereof.

